Bybel vir Kinders

bied aan

Pragtige Koningin Ester

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest
Aangepas deur: Ruth Klassen
Vertaal deur: Gert Badenhorst
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Daar was eenmaal 'n pragtige meisie met die naam Ester. Toe haar ouers oorlede is, het haar oom, Mordegai, haar grootgemaak. Ester het haar oom gerespekteer – sy was gehoorsaam soos 'n goeie dogter.



Ester het in Persië gewoon. Maar Ester was nie Persies nie, sy was Joods. Haar voorouers het as krygsgevangenes na Persië gekom. In Ester se tyd was daar baie Jode in Persië.

Die koning van Persië het 'n spesiale ete gehou vir leiers van oor die hele wêreld.

Die mans het eenkant geëet, en die vrouens saam met koningin Vasti. Die koning was dronk en het koningin Vasti beveel om, met haar kroon op, haar skoonheid te kom wys. Sy het geweier.

Om te wys dat vroue hulle mans moet eer, het die koning 'n wet gemaak. Dit het gemaak dat koningin Vasti nie langer koningin was nie.

Daar is na 'n nuwe koningin gesoek. Uit al die mooi meisies in die koninkryk het die koning vir Ester as sy vrou gekies. Hy het die kroon op haar kop gesit. Sy het nie vir die koning gesê sy is Joods nie, want haar oom het gesê sy moenie.

Oom Mordegai het by die ingang van die paleis gewag om nuus van Ester te verneem.

Eendag het hy gehoor hoe twee paleisbeamptes beplan om die koning te vermoor. Mordegai het die koning laat waarsku en só sy lewe gered. Die beamptes is gehang en Mordegai se naam is in die koning se dagboek opgeskryf.

'n Ryk man met die naam Haman was die koning se tweede-in-bevel. Almal het gebuig wanneer Haman verby gegaan het – almal behalwe een man. As Jood het Mordegai slegs die lewende God vereer.

Haman het Mordegai só gehaat dat hy besluit het om hom - en al die Jode in Persië - te vermoor. Aaklig! Bose Haman het die koning skelm sover gekry om 'n wet te onderteken sodat elke Jood in Persië op 'n sekere dag doodgemaak kon word.



Dit was 'n vreeslike wet. Jode én Perse het gerou. Maar onthou – God het Ester koningin laat word! En sy was 'n Jodin! Sou sy haar afkoms vir die koning geheim hou - of sou sy haar lewe waag en haar mense probeer red?

God het Ester 'n slim plan gegee. Sy het die koning én vir Haman na 'n spesiale ete genooi. Daar het die koning haar alles belowe wat sy wou vra. "Sal die koning en Haman tog môre wéér na 'n ete toe kom" het Ester gevra. Sy sou die koning dán sê wat sy wou hê.



Intussen het Haman 'n hoë galg laat maak om Mordegai aan op te hang.



Daardie nag kon die koning nie slaap nie. Hy het sy dagboek gelees en besef Mordegai is nooit beloon omdat hy die koning se lewe gered het nie.
Die volgende môre vra hy vir Haman: "Wat kan ek doen vir iemand aan wie ek eer wil bewys?"
Haman het trots gedink die koning het hóm in gedagte.

Haman het eintlik die koning se toestemming kom vra om Mordegai te hang. Die galg was gereed. Maar nou kon dit eers wag. Opgewonde het Haman voorstelle gemaak. "Laat trek vir dié man die koning se klere aan, én sy kroon."

"Laat hom op die koning se perd ry. Laat 'n hoë amptenaar hom deur die stad neem vir almal om te sien."
"Gaan doen dit met Mordegai, die Jood" het die koning vir Haman beveel.

Hoe dink jy het Haman gevoel toe hy Mordegai eervol deur die stad geneem het? Hy het Mordegai net nog meer gehaat. "Wag maar," het Haman moontlik gedink. "Hy sal binnekort dood wees – saam met al die ander Jode."

Later daardie dag het Haman en die koning by koningin Ester se ete opgedaag. "Wat is jou versoek?" het die koning gevra. Hy het nie sy belofte vergeet nie. Koningin Ester het na Haman gewys en die koning alles vertel van sy bose komplot. "Hang hom!" het die koning gesê.



Die koning het toe 'n ander wet uitgevaardig wat die Jode toegelaat het om hulleself te verdedig. Hulle is gered! Mordegai het die koning se tweede-in-bevel geword. Al die Jode was baie bly en het vir mekaar geskenke gegee. Selfs vandag nog onthou Joodse mense hoe God hulle deur die pragtige koningin Ester gered het.



Pragtige Koningin Ester

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Ester

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God
wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God! Johannes 3:16